

## 10 DAE VAN GEBED VOOR PINKSTER



### 'n Geluid uit die hemel

*Kom, Heilige Gees...*

Hand. 4:31

#### **Dag en nag Gebed vir herlewing van die Kerk 21 – 31 Mei 2020**

*Die volheid van die Heilige Gees is nodig om versoeking te oorkom,  
om staande in vervolging te bly en die oes te versamel ...! "*

(Lukas 4:1 / Handeling 7:55 / Handeling 11:24)

#### **Die oorsprong van 10 Dae van gebed**

Jesus se laaste woorde oomblikke voor Sy hemelvaart word gevind in Handeling 1:8: "... *maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde.*" Die Bybel sê dat 120 mense in 'n bovertrek in Jerusalem saam gewag en gebid het vir die vervulling van hierdie belofte, wat tien dae later, op die Pinksterdag, gekom het. Deur die eeue heen het die kerk voortgegaan om die tien dae voor Pinkster op dieselfde manier te hou en te bid vir 'n vars uitstorting van die Gees van God.

#### **Fokus**

Die *10 Dae van Dag en Nag Gebed* fokus op *gebed vir herlewing in die Kerk van Jesus Christus*, gemotiveer deur 'n begeerte van Christene dat God weer Sy Heilige Gees op die kerk sal uitstort, sodat die werke van die eerste kerk ook sal plaasvind in ons leeftyd.

#### **Hierdie jaar**

Die *10 Dae van Dag en Nag Gebed* is vanaf 21 - 30 Mei 2020 en 'n spesiale *Wêreldbiddag van korporatiewe gebed vir herlewing op Pinkster Sondag, 31 Mei 2020*. *Ons sal die herlewings in die geskiedenis herdenk en die Here vra vir 'n hernieude uitstorting van Sy Gees oor die hele wêreld. Ons stel spontane gebede voor, gefasiliteer met getuïenisse en / of videogrepe oor herlewing, sowel as die voorgestelde riglyne in hierdie gebedskalender.*



# GEBEDSKALENDER

## Dag 1

---

Donderdag 21 Mei

**Here Jesus, herstel ons ...** (Ps.80:7 en Matt.3:2)

**Belydenis en berou: Kerkleiers en lidmate**

Vader, vergewe ons dat ons ons eerste liefde verloor het, koud geword het en dat ons U nie liefhet met ons hele siel, verstand en al ons krag, en ons naaste soos onself nie (Mark.12:28-30; Op.2:4-5, 3:16). Vergewe ons dat ons die verkondiging van die suiwer, onbesmette Evangelie in gedrang gebring het; en gefaal het om U opdrag in Matteus 28:19 na te kom: "*Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies...*" (Matt.28:19-20; 2 Kor.5:18-21; Mark.16:15; Ef.3:5); dat ons gefaal het om die Liggaam van Christus toe te rus om goeie werke te verrig, sodat hulle kan groei in die kennis van die Seun van God en geestelik volwasse word en die volle mate van Christus bereik (Ef.4: 11-13; 1 Tess.5:11; 1 Kor.12: 1-31).

**Laat U Koninkryk kom!**

**Die Koninkryk van die hemele is soos... 'n Maagd, gereed om die bruidegom te ontmoet** (Matt.25:1-13)

*"Dan sal die koninkryk van die hemele wees soos tien maagde wat hulle lampe geneem en uitgegaan het om die bruidegom te ontmoet."* (Matt.25:1).

Here Jesus Christus, ons Bruidegom, ons bid dat die Bruid van Christus rein, ywerig en helder sal skyn in U koninkryk in hierdie laaste dae. Stort U Heilige Gees uit op die Bruid, vul ons met die volheid van Christus, sodat ons die lig van die wêreld kan wees, 'n stad wat op 'n heuwel geleë is, U naam verheerlik en U Koninkryk uitbrei (Matt.5:14).

✓ *Eenvoudige gebed: Here Jesus, vul my lamp tot oorlopend.*

**Verklaar God se naam:**

**Gees van heiligheid** (Rom.1:4)

Ons verkaar die kragtige werking van die Gees van heiligheid in elke hart om die wêreld van sonde en van geregtigheid en van oordeel te oortuig (Joh.16: 8).

### **Here Jesus, herstel ons ...** (Ps.80:7 en Matt.3:2)

#### **Belydenis en berou: Godvresende huishoudings**

Vader, vergewe ons as mans, dat ons nie ons vrouens onvoorwaardelik liefhet soos Christus die kerk liefhet nie; dat ons nie 'n voorbeeld vir ons kinders stel om na U te luister en U Woord te eer nie; dat ons nie aan hulle demonstreer het om hulle moeder te eer en respekteer nie; en nie getrou die byeenkomste van gelowiges bywoon nie. (Deut.6:4-9; Ef.6: 4; Heb.10:25).

Vergewe ons as vroue, dat ons nie ons mans respekteer nie en toelaat dat ons selfsugtige ambisies ons oordeel belemmer en ons verantwoordelikhede teenoor ons mans en kinders, die samelewing en die kerk, verwaarloos. (1 Pet.3:1-6).

Vergewe ons as kinders, dat ons ongehoorsaam is aan ons ouers en nie die voorskrifte van hulle leer om die weë van God te ken nie. (Eks.20:12; Kol.3:20). Ons bely dit met ons hele hart.

### **Laat U Koninkryk kom!**

#### **Die Koninkryk van die hemele is soos...Arbeiders in die Wingerd** (Matt.20:1-16)

*So sal die wat laaste is, eerste wees, en die wat eerste is, laaste; want baie is geroep, maar min uitverkies.* (Matt.20:16)

Here van die oes, ons bid vir arbeiders in die oes om U oproep te antwoord, om hul lewens neer te lê, en te werk in U wingerd terwyl daar nog tyd is.

✓ *Eenvoudige gebed: Here stuur my...*

### **Verklaar God se naam:**

#### **Abba Vader** (Rom.8:15)

Ons verklaar U naam - Abba Vader - oor elke huishouding, elke vader, moeder en kind - dat hulle deur die Gees van aanneming 'Abba Vader' sal uitroep!

### **Here Jesus, herstel ons ...** (Ps.80:7 en Matt.3:2)

#### **Belydenis en berou: Afgodery**

Vader, ons bely dat ons onself onderwerp aan allerlei afgode en hulle toelaat in ons lewens, asook dinge in die wêreld wat voorkeur geniet bo tyd met U in U teenwoordigheid: skermtyd (selfone), sosiale media, TV, materiële besittings, dobbel, dwelms en pornografie ens. (Eks.20:4-5). Vergewe ons dat ons afgode van silwer en goud vereer (Jes.2:20-21; Ps.135:15-18), onself oorgee aan die begeerlikhede van die vlees (Kol.3:5), en nie opreg is in ons liefde en aanbidding teenoor U nie (Hos.10: 2). Ons bely dit met ons hele hart.

### **Laat U Koninkryk kom!**

#### **Die Koninkryk van die hemele is soos...Die Mosterdsaad en suurdeeg**

(Matt.13:31-32)

*Die koninkryk van die hemele is soos 'n mosterdsaad wat 'n man neem en in sy land saai; wat wel die kleinste is van al die soorte saad... (Matt.13:31-32)*

Here van die oes, ons bid dat 'n nuwe generasie naamlose, gesiglose manne en vroue na vore sal tree wat met vrymoedigheid sal getuig oor U liefde, lewe en opstanding uit die dood, sodat daar geen einde aan die uitbreiding van U koninkryk sal wees nie (Lukas 1:33).

✓ *Eenvoudige gebed: Here gee my geloof.*

### **Verklaar God se naam:**

#### **Redder** (Ps.70:6)

Ons verklaar dat U, o God, deur Jesus Christus, die Verlosser is van elkeen wat U aanroep om hulp, om hulle te red van kwaad, boosheid en slawerny

### **Here Jesus, herstel ons ...** (Ps.80:7 en Matt.3:2)

#### **Belydenis en berou: Moord, misdaad en geweld**

Vader van genade, vergewe ons as kerk, die wettiging van aborsie toegelaat het, vir ons vooroordele rakende roof, diefstal, omkoperij, die rykes en die armes, en dat ons huishoudelike geweld verdra - uit vrees vir die reaksie van oortreders. Vergewe ons dat ons owerspel, leuens en vals getuies verdra. Vergewe ons dat ons nie die lewe, die lewensbestaan van ander, die veiligheid van gesinne, veral kinders, met goddelike vrees waardeer en beskerm en verdedig nie. (Eks.20:13; Matt.5:21; 19: 1; Rom.13: 9). Ons bely dit met ons hele hart.

### **Laat U Koninkryk kom!**

#### **Die Koninkryk van die hemele is soos...Suurdeeg**

*Die koninkryk van die hemele is soos suurdeeg wat 'n vrou neem en in drie mate meel inwerk totdat dit heeltemal ingesuur is. (Matt.13:33).*

Here van die oes, ons bid vir mans en vroue, gevul met die Heilige Gees, wat die duiwel en al sy werke sal oorwin deur die bloed van die Lam, deur die woord van hulle getuienis, en selfs nie hul lewe selfs tot die dood toe sal liefhê nie (Openb.12:11).

✓ *Eenvoudige gebed: Here, maak my 'n oorwinnaar.*

### **Verklaar God se naam:**

#### **Hersteller (Ps.23:3)**

Here Jesus, ons verklaar U Naam as die Hersteller oor elke voorkoms en vorm van goddeloosheid, moord, misdaad en geweld in ons land. U kan alles herstel. (Hand.3:20-21).

### **Here Jesus, herstel ons ...** (Ps.80:7 en Matt.3:2)

#### **Belydenis en berou: Bedrog en korrupsie**

*Want die geldgierigheid is 'n wortel van alle euwels; en omdat sommige dit begeer, het hulle afgedwaal van die geloof en hulleself met baie smarte deurboor. (1 Tim.6:4-10).*

Vader, ons bely ons liefde vir geld, asook ons gierigheid en aptyt vir onregverdige wins. Vergewe ons vir korrumpente finansiële praktyke, vir grootskaalse beginsellose gunstigheid, partydigheid, die verkryging van "bloedgeld" ten koste van andere en vir selfverryking. Ons bely dit met ons hele hart.

### **Laat U Koninkryk kom!**

#### **Die Koninkryk van die hemele is soos... 'n Verborgte skat** (Matt.13:44)

*Verder is die koninkryk van die hemele soos 'n skat wat verborge is in die saailand, wat 'n man kry en wegsteek; en uit blydschap daarvoor gaan hy en verkoop alles wat hy het, en koop daardie saailand. (Matt13:44).*

Here van die oes, ons bid dat 'n geslag mans en vrouens navore sal tree wat nie 'n liefde vir geld het, of sal swig voor die begeerlikhede van die vlees nie, maar wat daaraan toegewyd sal wees om die Evangelie te deel met die ongereddenes, selfs met groot persoonlike opoffering.

✓ *Eenvoudige gebed: Here Jesus, ek gee alles aan U oor.*

### **Verklaar God se naam:**

#### **Verlosser van die wêreld** (1 Johannes 4:14)

Ons verklaar U Naam - Verlosser - oor elke siel in ons land, verbreek elke vesting van die bose, maak mans en vrouens vry van slawerny en draai hul harte na hul Hemelse Vader.



### **Here Jesus, herstel ons ...** (Ps.80:7 en Matt.3:2)

#### **Belydenis en berou: Gesinne, egskedings, seksuele misdrywe**

*Die praktyke van die sondige natuur is algemeen bekend: onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, afgodsdienste, towery, vyandskap, haat, nayswer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, afguns, dronkenskap, uitspattigheid en al dergelike dinge. Ek waarsku julle soos ek julle al vroeër gewaarsku het: Wie hom aan sulke dinge skuldig maak, sal nie die koninkryk van God as erfenis verkry nie. Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid. (Gal.5:19-22).*

Vader, ons erken dat ons U geordende instelling van die huwelik ontheilig het, en dikwels die verbond verbreek deur wellus na ander en na dinge wat U verbied. Vergewe ons vir alle vorme van owerspel, hoerery, verkragting, bloedskanie, seksuele molestering, aanranding en ander seksuele perversie. (Eks.20:14, 17; Kol.3: 18-19). Ons bely dit met ons hele hart.

### **Laat U Koninkryk kom!**

#### **Die Koninkryk van die hemele is soos...Die saai wat uitgegaan het om te saai** (Matt.13:18-23)

*Die man by wie daar op goeie grond gesaai is, is hy wat die woord hoor en dit verstaan. Hy dra inderdaad vrug en lewer 'n oes: soms honderdvoudig, soms sestigvoudig, soms dertigvoudig. (Matt.13:23).*

Here van die oes, ons bid dat die boodskap van U koninkryk elke volk op aarde sal bereik en mense se harte en gedagtes aanraak. Ons bid dat die grond van elke hart gereed en ontvanklik sal wees, vrugbaar sal wees en baie vrugte dra tot U eer.

✓ *Eenvoudige gebed: Here, mag my hart vrugbare grond word en baie vrug dra.*

### **Verklaar God se naam:**

#### **Verlosser** (Jes.59:20)

Ons verklaar U as Verlosser van elke huishouding waar daar lyding, pyn, eensaamheid, verwerping en geweld is. U verlos en herstel mense wat seergemaak is, sowel as mense wat hulle bekeer van hul oortredinge.

### **Here Jesus, herstel ons ...** (Ps.80:7 en Matt.3:2)

#### **Belydenis en berou: Vroue en kinders**

God van liefde, vergewe ons dat ons ons oë weggedraai het van die weduwee en die weeskind en ook dat ons hulle verwaarloos het. Vergewe ons vir vroue en kinders wat onreg ervaar as gevolg van die gebrokenheid van die samelewing (Ps.11: 5). Vergewe ons dat ons aarsel om betrokke te raak in die lewens van weduwees, weeskinders en diegene wat swaarkry en hulle sodoende verwaarloos. Vergewe ons dat ons nie met U lig in hul duisternis binnedring nie (Matt.5:14). Ons bely dit met ons hele hart. Maak ons gewillig en in staat om U wil te doen (Jes.10:18).

### **Laat U Koninkryk kom!**

#### **Die Koninkryk van die hemele is soos...'n Treknet**

*As dit vol geword het, sleep hulle dit op die strand uit en gaan sit om die goeie vis in mandjies bymekaar te maak, maar die onbruikbares gooi hulle weg. (Matt.13:48).*

Here van die oes, ons bid dat die Heilige Gees die wêreld sal oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel (Joh.16: 8), sodat wanneer U engele aan die einde van tyd kom om die goddeloses van die regverdiges te skei, onder die regverdiges meer siele gered word as die wat in die vuuroond gegooi word.

✓ *Eenvoudige gebed: Here Jesus, reinig U Bruid.*

### **Verklaar God se naam:**

#### **Geneser** (Eks.15:26)

Ons verklaar U naam as Geneser oor elke weduwee, weeskind, elke man, vrou en kind wat onreg, pyn en siekte ly.



### **Here Jesus, herstel ons ...** (Ps.80:7 en Matt.3:2)

#### **Belydenis en berou: Swak en behoeftig**

*Jesus het hom geantwoord: "As jy volmaak wil wees, gaan verkoop jou besittings en gee die geld vir die armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê. Kom dan terug en volg My."* (Matt.19:21). Vader van barmhartigheid, vergewe ons dat ons 'n blinde oog draai en dat ons onself distansieer van die nood en behoeftes van die armes en behoeftiges. Vergewe ons dat ons wegsram van die werkloses en die vervalde mense, terwyl ons die middele het om hulle te help, voorkeur aan ons eie behoeftes gee. (Deut.15: 10-11; Spr.3: 27-28; Jes.58: 6-11; 1 Joh.3:17). Ons bely dit met ons hele hart.

### **Laat U Koninkryk kom!**

#### **Die Koninkryk van die hemele is soos...Nuwe en ou skatte**

*Hy sê toe vir hulle: "So is elke skrifgeleerde wat 'n leerling word in die koninkryk van die hemel, soos 'n huiseienaar wat uit sy voorraad nuwe en ou dinge te voorskyn bring."* (Matt.13:52).

Here van die oes, ons bid vir elke dissipel van U Woord om diegene wat aan hulle toevertrou is, te onderrig, te vermaan, aan te moedig en tereg te wys, beide jonk en oud, wys en eenvoudig, sodat niemand verlore gaan nie, maar almal gered word.

✓ *Eenvoudige gebed: Here Jesus, vermenigvuldig die dissipelmakers.*

### **Verklaar God se naam:**

#### **El Shaddai / God wat voldoende is** (Gen.17:1)

Ons verklaar dat U meer as genoeg is, die algenoegsame God, wat in staat is om te voorsien in elke nood van mense wat in nood verkeer, werkloos is, gebroke is, arm en behoeftig is.

### **Here Jesus, herstel ons ...** (Ps.80:7 en Matt.3:2)

#### **Belydenis en berou: Persoonlike sonde**

"Maar," het Hy verder gesê, "wat van binne af uit 'n mens kom, dít maak 'n mens onrein. Van binne af, uit die hart van die mens, kom die slegte gedagtes: onkuisheid, diefstal, moord, owerspel, hebsug, kwaadwilligheid, bedrog, losbandigheid, afguns, kwaadpraterij, hoogmoed, ligsinnigheid. Al hierdie slegte dinge kom van binne af en dit maak 'n mens onrein." (Markus 7:20-23).

Heilige Vader, ek erken dat trots in my lewe baie dikwels onnodige twis en rusie met familie, vriende, kollegas en selfs kerklede tot gevolg het. Ek bely my sonde om tradisie, kultuur en vooropgestelde idees oor God en die kerk voor U Woord te plaas. Verder bely ek my sonde van persoonlike afgode soos sport, oor-eterij, stokperdjies, ens. (Eks.20:4; Ef.5:5). Ek bely dit met my hele hart.

### **Laat U Koninkryk kom!**

#### **Die Koninkryk van die hemele is soos...Vergewe mekaar**

*Jesus antwoord hom: "Ek sê vir jou, nie sewe keer nie maar selfs sewentig maal sewe keer. (Matt.18:22).*

Here van die oes, ons bid vir elke persoon wat getuig dat hy Jesus Christus liefhet, om vinnig te vergewe, en vinnig reg te maak wat verkeerd is om sonder aanstoot te staan tot en met U wederkoms (Hand.24:16; Matt.18:35). Help ons om nie van sonde teen ons boek te hou nie, ook nie hoeveel kere ons moet vergewe nie, of om 'n 'maar' by ons gebede voeg nie, om U van harte te vertrou om aan ons reg te doen (Lukas 18:7).

✓ *Eenvoudige gebed: Here Jesus, help my om vinnig te vergewe.*

### **Verklaar God se naam:**

#### **Rots wat hoër is as ek** (Ps.62:2)

Ons verklaar dat U in elke persoonlike krisis die Rots is wat hoër is as ons, U is ons enigste Rots en ons verlossing; U is ons verdediging; ons sal nie ontroer word nie.

### **Here Jesus, herstel ons ...** (Ps.80:7 en Matt.3:2)

#### **Belydenis en berou: Wandel in die geloof**

*Die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof. Ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig was, het Hy die kruis verduur sonder om vir die skande daarvan terug te deins, en Hy sit nou aan die regterkant van die troon van God. (Heb.12:2).*

Hemelse Vader, U is die Outeur en die Voleinder van ons geloof. Vergewe ons dat ons U nie vertrou nie, nie op U staatmaak nie, en onself nie aan U oorgee en nie ons geloof in U stel nie. Ons volg sommer vinnig ons eie weë, eie gedagtes and voorskrifte en beraam ons eie planne. Daarom draai ons weg van die sonde wat ons so maklik verstrengel en verhinder om U doel met ons lewens te bereik. (Heb.2:10, 5:7, 10:7-10). Ons bely dit met ons hele hart.

### **Laat U Koninkryk kom!**

#### **Die Koninkryk van die hemele is soos... 'n Bruilofsfees** (Matt.22:1-14)

*Toe sê hy vir sy slawe: 'Alles staan klaar vir die bruilofsfees, maar die genooïdes was dit nie werd nie. Baie is immers geroep, maar min is uitverkies.' (Matt.22:8,14).*

Here van die oes, ons bid dat Christene U oproep tot heiligheid en reinheid sal gehoorsaam en gewyde lewens sal leef, geskei van die wêreld en sy passies. Ons bid dat die mense wat opreg wandel, hulself gereed sal maak om gekies te kan word.

✓ *Eenvoudige gebed: Here Jesus, heilig my lewe.*

### **Verklaar God se naam:**

#### **Getroue God** (Deut.7:9)

Ons verklaar dat U die Getroue God is, al is ons ontrou. U hou U verbond en genade vir duisend geslagte met die wat U liefhet en U gebooie onderhou.